basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V2

## FEBRUARIE/MAART 2018

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

   VRAAG 2: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 3: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'n NUWE WÊRELDORDE, 1989 TOT DIE HEDE

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

   VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'n NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te spandeer.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig toepas.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

### VRAAG 1: WAAROM HET DIE APARTHEIDSREGIME DIE SWART-BEWUSSYNSLEIER, BANTU STEPHEN BIKO, AANGEHOU?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Definieer die konsep *Swart Bewussyn* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.2 Noem DRIE plekke in die bron waar die Swartbewussynsbeweging gewild geword het. (3 x 1) (3)

1.1.3 Hoe, volgens die bron, het Mthuli Shezi gesterf? (1 x 2) (2)

1.1.4 Noem DRIE metodes wat die apartheidsregime gebruik het om swart politieke aktiviste te teister. (3 x 1) (3)

1.1.5 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe die apartheidsregime in 1973 teen die Swartbewussyns-beweging opgetree het. (2 x 2) (4)

1.2 Lees Bron 1B.

1.2.1 Waarom, volgens die bron, het die Suid-Afrikaanse polisie padblokkades opgestel? (1 x 2) (2)

1.2.2 Wat het Kolonel Oosthuizen aangespoor om Steve Biko en Peter Jones na 'n polisiestasie in Grahamstown te neem? (1 x 2) (2)

1.2.3 Verduidelik waarom jy dink Biko besluit het om homself by die polisiestasie te identifiseer. (1 x 2) (2)

1.2.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en lewer kommentaar op waarom die polisie besluit het om vir Biko en Peter Jones van mekaar te skei. (2 x 2) (4)

1.3 Bestudeer Bron 1C.

1.3.1 Waarom, volgens die Minister van Justisie, is Biko gearresteer? , (2 x 1) (2)

1.3.2 Lewer kommentaar op die bruikbaarheid van die inligting in hierdie bron vir 'n historikus wat navorsing doen oor hoe Biko vermoor is. (2 x 2) (4)

1.4 Gebruik Bron 1D.

1.4.1 Verduidelik waarom jy dink hierdie artikel op die voorblad van die *Rand Daily Mail* gepubliseer is. (2 x 2) (4)

1.4.2 Lewer kommentaar op die koeranthoofopskrif 'Geen teken van hongerstaking – Biko-dokters' in die konteks van hoe Biko vermoor is. (2 x 2) (4)

1.5 Vergelyk Bron 1C en 1D. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 1C verskil van die inligting in Bron 1D ten opsigte van Steve Biko se dood. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik waarom die apartheidsregime die Swartbewussynsleier, Bantu Stephen Biko, aangehou het. (8)

**[50]**

## VRAAG 2: WAAROM IS DIE AMNESTIEPROSES VAN DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) AS OMSTREDE BESKOU?

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Waarom, volgens die bron, is die WVK gestig? (1 x 2) (2)

2.1.2 Noem DRIE subkomitees van die WVK waarna in die bron verwys word. (3 x 1) (3)

2.1.3 Definieer die konsep *amnestie* in die konteks van die WVK-verhore. (1 x 2) (2)

2.1.4 Waarom, dink jy, was anti-apartheidsaktiviste teen die toestaan van amnestie aan oortreders gekant? (1 x 2) (2)

2.1.5 Wat, volgens die bron, was die TWEE voorvereistes waarvolgens amnestie toegeken is? (2 x 1) (2)

2.2 Raadpleeg Bron 2B.

2.2.1 Waarom, volgens die bron, is die Amnestiekomitee gestig? (1 x 2) (2)

2.2.2 Wat was Naomi Tutu se aanvanklike opinie oor die WVK se amnestieproses? (1 x 2) (2)

2.2.3 Verduidelik waarom 72% van wit Suid-Afrikaners gevoel het dat die WVK rasseverhoudinge versleg het. (2 x 2) (4)

2.2.4 Lewer kommentaar op of jy met Antjie Krog se standpunt saamstem dat die WVK minder suksesvol was om 'Suid-Afrikaners oor morele waarheid ... te oortuig'. (2 x 2) (4)

2.3 Lees Bron 2C.

2.3.1 Aan wie, volgens die bron, is algemene amnestie deur die WVK toegestaan? (1 x 1) (1)

2.3.2 Waarom, volgens die inligting in die bron, is die WVK se besluit van 1997 as omstrede beskou? (1 x 2) (2)

2.3.3 Lewer kommentaar op waarom jy dink waarnemers krities was oor die WVK se besluit om amnestie aan lede van die ANC toe te staan. (2 x 2) (4)

2.3.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom 'n historikus wat navorsing oor die amnestieproses van die WVK doen die bron bruikbaar sou vind. (2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou 

2.4 Bestudeer Bron 2D.

2.4.1 Watter boodskappe word in die spotprent oorgedra ten opsigte van algemene amnestie met verwysing na die volgende:

(a) Nasionale Party (NP) (1 x 2) (2)

(b) African National Congress (ANC) (1 x 2) (2)

2.4.2 Lewer kommentaar op wat jy dink geïmpliseer is met die woorde in die spraakborrel: 'STADIG NOU … EEN OF ANDER TYD SAL JY DIT MOET PRYSGEE' in die konteks van die amnestieverhore wat deur die WVK gehou is. (2 x 2) (4)

2.5 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik waarom die amnestieproses van die Waarheids-en-versoeningskommissie as omstrede beskou is. (8)

**[50]**

**VRAAG 3: HOE BUIT MULTINASIONALE MAATSKAPPYE SOOS McDONALD'S WERKERS UIT?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Noem DRIE maniere in die bron waarop globale (wêreldwye) maatskappye toegelaat is om bedryf te word. (3 x 1) (3)

3.1.2 Definieer die konsep *multinasionale maatskappye* in die konteks van globalisering. (1 x 2) (2)

3.1.3 Waarom, volgens die bron, was dit vir multinasionale maatskappye moontlik om hul maatskappye na ontwikkelende lande te verskuif? (2 x 1) (2)

3.1.4 Lewer kommentaar op hoe jy dink multinasionale maatskappye Westerse lande bevoordeel het. (2 x 2) (4)

3.2 Bestudeer Bron 3B.

3.2.1 Wat, volgens die bron, was McDonald's se enigste doel? (1 x 1) (1)

3.2.2 Waarom het Greenpeace nie McDonald's se visie vir 'wêreldwye oorheersing' ondersteun nie? (1 x 2) (2)

3.2.3 Hoe, volgens die bron, is klante deur kos wat hulle by McDonald's gekoop het, geaffekteer? Gee TWEE voorbeelde. (2 x 1) (2)

3.2.4 Gebruik die bewyse in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe McDonald's hulle werknemers uitgebuit het. (2 x 2) (4)

3.3 Gebruik Bron 3C.

Verduidelik die boodskappe wat in die spotprent oorgedra word ten opsigte van:

3.3.1 McDonald's-werknemers (1 x 2) (2)

3.3.2 McDonald's-klante (1 x 2) (2)

3.4 Bestudeer Bron 3B en Bron 3C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 3B en Bron 3C ten opsigte van die behandeling van werknemers by McDonald's-kosafsetpunte ooreenstem. (2 x 2) (4)

3.5 Raadpleeg Bron 3D.

3.5.1 Verduidelik hoe Greenpeace in Londen op McDonald's se kosprodukte gereageer het. (2 x 2) (4)

3.5.2 Lewer kommentaar op die strategieë wat McDonald's gebruik het om sy kritici (teenstanders) stil te maak. (2 x 2) (4)

3.5.3 Noem die TWEE respondente (gedaagdes) wat 'n lastersaak teen McDonald's gemaak het. (2 x 1) (2)

3.5.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik tot watter mate 'n historikus wat navorsing oor burgerlike organisasies se reaksie op McDonald's doen hierdie bron bruikbaar sal vind. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe multinasionale maatskappye, soos McDonald's, werknemers uitbuit. (8)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

**VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's**

Boikotte, disinvestering en sanksies deur die internasionale anti-apartheidsbewegings was grootliks verantwoordelik vir die uiteindelike val van PW Botha se regime in die 1980's.

Stem jy saam met hierdie stelling? Ondersteun jou argumente met relevante bewyse. **[50]**

**VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE**

Die geweld en die onsekerheid wat Suid-Afrika gedurende die vroeë 1990's ervaar het, het die pad na demokrasie amper onmoontlik gemaak.

Verduidelik tot watter mate jy met die stelling hierbo saamstem. Ondersteun jou argumente met relevante bewyse. **[50]**

**VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'n NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989**

Die ineenstorting van die Sowjetunie in 1989 was 'n draaipunt vir Suid-Afrika.

Bespreek hierdie stelling krities, met verwysing na hoe gebeure in die Sowjetunie politieke transformasie wat in Suid-Afrika plaasgevind het, beïnvloed het. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Copyright reserved

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**GESKIEDENIS V2**

**FEBRUARIE/MAART 2018**

**ADDENDUM**

**Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**VRAAG 1: WAAROM HET DIE APARTHEIDSREGIME DIE SWARTBEWUSSYNSLEIER, BANTU STEPHEN BIKO, AANGEHOU?**

**BRON 1A**

Die bron hieronder fokus op die stigting en invloed van die Swartbewussynsbeweging (SBB).

Die Swartbewussynsbeweging was besig om 'n teenwoordigheid in die land te word. Nie net by tersiêre instellings nie, maar ook in die media, by skole, by gemeenskapsteaters en by gebeure wat die patroon van kalmte verbreek het wat op die verbanning van die ANC en PAC gevolg het. Maar die beweging het ook begin verliese lei, waarvan Onkgopotse Tiro moontlik die eerste een was toe hy uit die Turfloop Universiteit (Limpopo) geskors is.

Nog 'n terugslag was in Desember 1972 met die tragiese dood van Mthuli Shezi, toe hy voor 'n aankomende trein gestoot is, nadat hy 'n swart vrou verdedig het wat deur 'n spoorwegamptenaar mishandel is. Hierdie insident toon die uitdagings waarmee SB-aktiviste gekonfronteer is in 'n poging om normale verhoudinge in 'n abnormale gemeenskap te probeer bewerkstellig.

Die staat het in Maart 1973 begin opgetree en Drake Koka en Bokwe Mafuna (SB-leiers), wat by unieprojekte betrokke was, verban. Steve Biko en Barney Pityana is ook in dieselfde maand verban. Mosibudi Mangena is in Augustus 1973 tot vyf jaar tronkstraf gevonnis nadat hy na bewering twee polisiemanne gewerf het om by die wapenstryd aan te sluit. Tiro is in Januarie 1974 deur 'n pakketbom gedood nadat hy in Botswana in ballingskap was.

[Uit http://www.sahistory.org.za/people/stephen-bantu-biko. Toegang op 2 Desember 2016 verkry.]

**BRON 1B**

Die bron hieronder verduidelik hoe Bantu Stephen Biko en sy vriend, Peter Jones, op 19 Augustus 1977 naby King William's Town arresteer en aangehou is.

Die Suid-Afrikaanse polisie het padblokkades opgestel om politieke aktiviste te arresteer. By die padblokkade buite Grahamstad het die polisie Steve Biko en Peter Jones gevra om uit te klim en om die kattebak oop te maak. Jones, wat bestuur het, het hul instruksies gevolg, maar het gesukkel om die kattebak oop te kry. Die motor se kattebak moes op 'n spesiale manier, wat slegs aan Rams Ramokgopa by Zanempilo bekend was, oopgemaak word.

Terwyl Jones aan die kattebak geruk het, het die polisie hom aanhoudend daarvan beskuldig dat hy 'n terroris was wat op pad was om Biko te besoek, terwyl Biko stil in die passasiersitplek gesit het. Jones het probeer om nie 'n ophef van sy gesukkel met die kattebak te maak nie en het een van die polisiemanne genooi om te probeer.

Na 'n ruk het die senior beampte, Kolonel Alf Oosthuizen, die eenheid opdrag gegee om die padblokkade op te pak en om Steve en Jones na die nabygeleë polisiestasie in Grahamstad te neem. Oosthuizen het saam met Steve in Ramokgopa se motor gery terwyl Jones saam met die ander beamptes gery het. Die polisie het die motor deeglik by die polisiestasie deursoek. Jones onthou dat 'hulle selfs die as in die asbak deursoek het. Dit was nou duidelik dat dit geen grap was nie'.

Hulle het Jones se beursie gevind wat, behalwe vir 'n bedrag van R43,00, sy identiteitsdokument bevat het. En toe skree Oosthuizen in Afrikaans: 'As jy Peter Cyril Jones is, dan wie is daai groot man?' Steve het besef hoe ongemaklik die situasie vir sy vriend was. Jones sou uit beginsel nie Steve se identiteit bekend maak nie en hy sou homself eerder aan marteling en gevangenisstraf onderwerp het. Die polisie sou wel later in elk geval uitvind. Steve het tussenbeide getree: 'Ek is Bantu Steve Biko.'

En toe was daar stilte. 'Biko?' het Oosthuizen geantwoord en die B verkeerd uitgespreek. 'Nee, Bantu Steve Biko,' het Biko teruggeantwoord, terwyl hy die B's in sy naam nie uitgespreek het nie.

Die twee mans is geskei. Jones is na die Algoa Polisiestasie geneem en Steve na die Walmer Polisiestasie, beide in Port Elizabeth, ongeveer 250 km van King William's Town af.

Dit was die laaste keer dat ek my comrade lewendig of dood gesien het.

[Uit *Biko, A Biography* deur X Mangcu]

**BRON 1C**

Die bron fokus op Jimmy Kruger se reaksie op die dood van Stephen Bantu Biko. Dit is geneem uit 'n artikel met die titel *Young Black Leader Dies in Detention in South Africa, Raising Fears of New Unrest* deur John Burns.

In mnr. Kruger se aankondiging het hy gesê dat mnr. Biko op 18 Augustus 1977 gearresteer is op grond van 'n artikel in die Wet op Terrorisme wat voorsiening maak vir onbepaalde aanhouding sonder verhoor. Die Minister van Justisie het gesê dat mnr. Biko gearresteer is omdat hy daarvan verdink is dat hy swartes in die Port Elizabeth-omgewing, 150 myl suid van King William's Town, tot onrus aangehits het en ook vir die opstel van dokumente wat 'geweld en brandstigting' deur swartes wat apartheid, die amptelike stelsel van rasse-oorheersing, omver wou werp.

Die verklaring het gesê dat mnr. Biko in 'n tronk in Port Elizabeth aangehou is en daar of in die tronkhospitaal gebly het totdat hy die Sondagaand na 'n hospitaal in Pretoria, 800 myl noordwes van daar, oorgeplaas sou word. Hy het 24 uur later gesterf.

Die verklaring het gesê dat mnr. Biko aanhoudend geweier het om die kos en water te nuttig wat aan hom gegee is nadat hy een week voor sy dood met sy hongerstaking begin het. Dit het beweer dat die polisiedokters hom drie keer in die eerste vier dae van sy staking ondersoek het, maar daar is bevind dat hy 'geen fisiese probleem' gehad het nie.

Die verklaring op Sondag het bygevoeg dat mnr. Biko teen die sewende dag van sy hongerstaking 'gelyk het of hy siek was' en hy is onmiddellik na Pretoria oorgeplaas, waar hy weer deur 'n polisiedokter ondersoek is en mediese behandeling gekry het. 'Hy het dieselfde nag gesterf,' het die verklaring gesê.

[Uit http://www.nytimes.com/learning/general/onthisday/big/0912.html#article.
Toegang op 10 Desember 2016 verkry.]

**BRON 1D**

Die hoofopskrif in die koerant hieronder het op 7 Oktober 1977 in die *Rand Daily Mail* verskyn. Die artikel is deur Helen Zille geskryf na haar ondersoek na die omstandighede waaronder Stephen Bantu Biko vermoor was.




**'n 'Mail'-spesiale ondersoek**

**Die dokters wie Biko in aanhouding gesien het – 'n volledige verslag in môre se *Inside Mail***

[Uit Rand Daily Mail, 7 Oktober 1977]

**DR. TUCKER**

**DR. LANG**

**Geen teken van hongerstaking – Biko-dokters**

**VRAAG 2: WAAROM IS DIE AMNESTIEPROSES VAN DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) AS OMSTREDE BESKOU?**

**BRON 2A**

Die bron hieronder fokus op die stigting van die Waarheids-en-versoeningskommissie in 1995.

Die hoofdoelwit van die WVK was om 'n beeld, so volledig moontlik, te kry oor growwe menseregteskendings tussen Maart 1960, die maand van die Sharpeville-slagting en die daaropvolgende begin van die gewapende bevrydingstryd en 10 Mei 1994, die datum van Nelson Mandela se inhuldiging as die eerste demokraties verkose Staatspresident van Suid-Afrika.

Die Waarheids-en-versoeningskommissie word deur drie subkomitees bygestaan: die Menseregteskendingskomitee, die Amnestiekomitee en die Vergoeding-en-Rehabilitasiekomitee.

Die 1993 Tussentydse Grondwet het spesifiek vir 'n amnestieproses voorsiening gemaak, maar het nie voorgeskryf wat dit sou behels nie. Alhoewel die onderneming om oortreders te vrywaar 'n bitter pil was, veral vir diegene in die anti-apartheidsbeweging, het die meeste kommentators saamgestem dat die momentum na verandering daarsonder fundamenteel ondermyn sou word.

Amnestie sou toegestaan word waar aansoekers alle relevante feite volledig onthul het en slegs vir handelinge 'geassosieer met 'n politieke oogmerk gepleeg in die verloop van die konflikte van die verlede'.

[Uit *Common Past, Divided Truth: The Truth and Reconciliation Commission in South Africa – Public Opinion* deur G Theissen]

**BRON 2B**

Die bron hieronder evalueer die werk van die Amnestiekomitee van die Waarheids-en-versoeningskommissie.

Die Amnestiekomitee was een van drie komitees wat deur die WVK daargestel is om aandag te gee aan politieke misdade wat tussen 1960 en 1994 gepleeg is. Dit het ongeveer 7 050 amnestie-aansoeke ontvang.

Nie almal het met hierdie unieke model van geregtigheid saamgestem nie. Naomi Tutu, dogter van Aartsbiskop Desmond Tutu, het gesê dat sy aanvanklik teen amnestie gekant was omdat sy gedink het 'dat dit die maklike uitweg was' en 'dat dit gelyk het asof ons mense 'n present gee'. Sy het die besorgdheid van baie Suid-Afrikaners uitgespreek, dat dit 'n gevoel was dat die mense letterlik met moord wegkom'. Baie Afrikaners het gedink dat dit afbrekend kon wees, dat haat in die land lewendig gehou sou word eerder as om vorentoe te beweeg en om van die verlede af weg te beweeg. Inteendeel, in 'n opname in 1998 het 72% blankes gevoel dat die WVK rasseverhoudinge versleg het.

Volgens Antjie Krog is dit moeilik om die sukses van die WVK in Suid-Afrika te bepaal. Sy het gesê: 'As jy die WVK slegs as 'n middel beskou om amnestie te gee, dan het dit redelik geslaag … As die WVK as 'n liggaam beskou word om die waarheid vas te stel, het dit ook redelik gevaar om die feitlike waarheid vas te stel, om te bepaal 'wat gebeur het'. Dit was baie minder suksesvol om Suid-Afrikaners oor die morele waarheid van die vraag 'Wie is verantwoordelik?' te oortuig. Indien die idee agter die WVK-proses in Suid-Afrika was om te voorkom dat menseregteskendings ooit weer plaasvind, dan het die kommissie misluk … . Die grootste vraag is egter of die WVK-proses versoening bewerkstellig het. Min mense glo dat dit geslaag het.

[Uit https://mrdivis.files.wordpress.com/2014/06/08/trcs-past-and-present/
Toegang op 16 Desember 2016 verkry.]

**BRON 2C**

Die bron hieronder verduidelik die Waarheids-en-versoeningskommissie se besluit om amnestie aan lede van die African National Congress (ANC) te gee. Die Suid-Afrikaanse Persvereniging (SAPV) het die persverklaring hieronder op 2 Desember 1977 gedoen.

**KAAPSTAD: 2 Desember 1997 – SAPV**

**WVK BLY STIL OOR OMSTREDE AMNESTIEBESLUITE**

Die Waarheids-en-versoeningskommissie se Amnestiekomitee het Dinsdag geweier om redes te gee vir sy omstrede besluit om algemene amnestie aan 37 African National Congress-lede, insluitend Adjunk-president Thabo Mbeki, toe te staan.

Die weiering volg op herhaalde pogings die afgelope twee dae deur onder andere die Suid-Afrikaanse Persvereniging om duidelikheid by komiteelede oor hulle besluit, wat wyd gekritiseer word, te kry.

Baie van die ANC-aansoekers, onder andere 'n aantal kabinetsministers, is amnestie toegestaan op grond van hulle gesamentlike aanvaarding van verantwoordelikheid vir handelinge soos uiteengesit in die party se aansoek aan die WVK.

Waarnemers het egter die manier waarop die ANC-lede vir amnestie gekwalifiseer het bevraagteken omdat hulle nie oor enige oortreding of weglating waarvoor hulle krimineel vervolg kon word of siviel verantwoordelik gehou kon word, gebieg het nie.

Koerantartikels het 'n beroep op die komitee gedoen om te verduidelik hoe hulle besluit het om amnestie aan die ANC-lede asook aan die WVK-voorsitter, Aartsbiskop Desmond Tutu se seun, Trevor, te gee.


Die amnestiekomitee het dit egter Dinsdag duidelik gemaak dat dit nie bereid was om by 'n openbare debat betrokke te raak nie.

Komiteevoorsitter, Regter Hassen Mall, het by die komitee se besluit gebly om amnestie op grond van gesamentlike verantwoordelikheid aan die ANC-lede toe te staan, het die komitee se uitvoerende sekretaris, Martin Coetzee, die SAPV meegedeel.

[Uit http://www.justice.gov.za/trc/media%5C1997%5C9712/s971202c.htm.
Toegang op 23 November 2016 verkry.]

**BRON 2D**

Die spotprent deur Zapiro het op 19 Maart 1998 in die *Mail and Guardian* verskyn. Dit beeld die kwessie van algehele amnestie uit.




**NP**
GEE HIER!
**EK** WIL DIT DOEN!

**ANC**
ALGEMENE AMNESTIE

**WVK**
STADIG NOU …
EEN OF ANDER TYD SAL JY DIT MOET PRYSGEE.

[Uit http://truth.wwl.wits.ac.za/files/3_2/3129-1-4-001art.jpg. Toegang op 5 Desember 2016 verkry.]

**VRAAG 3: HOE BUIT MULTINASIONALE MAATSKAPPYE, SOOS McDONALD'S, WERKERS UIT?**

**BRON 3A**

Die bron hieronder fokus op hoe multinasionale korporasies ('MNCs') sake doen. Dit is 'n artikel geskryf deur J Skrocki met die titel *Broken Promises: Globalisation and BP Oil*.

In 'n wêreld wat gedurig verander en onderling verbind is, is daar geleenthede vir wêreldwye korporasies om deur manipulasie (misbruik) en uitbuiting te werk. Hulle het die mag om dit te doen, en die geskiedenis bewys dat kortpaaie neem maatskappye in staat stel om wins te maksimeer. Die wêreldhandelstelsel stel baie lande in staat om goedere in te voer waartoe hulle andersins nie toegang sou hê nie. As gevolg van die vinnig globaliserende mark verskuif multinasionale korporasies egter hulle maatskappye na ontwikkelende lande in die buiteland. Dit stel hulle in staat om voordeel uit goedkoop arbeid te trek en om hulle produkte teen 'n laer markprys te verkoop. In werklikheid het 'n multinasionale korporasie dan sy hoofkwartier in een land, maar doen besigheid in meer as een land. Multinasionale korporasies doen op die volgende maniere besigheid: alleenbemarking ('franchising'), takke, filiale (dogtermaatskappye), gesamentlike ondernemings …

'n Mens kan aanvoer dat baie van die pilare van die Westerse samelewing ook die fondasies van multinasionale korporasies voorstel. Die verbruikers-(handels-)ideale van ontwikkelde nasies wat hierdie multinasionale korporasies oplewer, dui aan dat ekonomiese sukses voorkeur geniet. Die Westerse samelewing neem aan die produksie-, verbruiks- en opruimingsiklusse deel, wat almal verteenwoordigend van sekere dele van die materiële ekonomie is. Multinasionale korporasies gryp in om aan die hoë aanvraag te voldoen deur produkte teen die laags moontlike pryse te verkoop.

[Uit http://aese.psu.edu/students/research/ced-urj/news/2014/broken-promises-globalization-and-bp-oil. Toegang 12 Desember 2016 verkry.]

**BRON 3B**

Die bron hieronder is die standpunt van die omgewingsorganisasie, Greenpeace. Dit fokus op McDonald's se sakepraktyk in die wêreldmark.

Soos alle multinasionale maatskappye, stel McDonald's net in geld belang en om wins te maak uit wie en uit wat hulle ook al kan. McDonald's se jaarverslae praat van 'Wêreldoorheersing' – hulle doelwit is om meer en meer winkels oor die wêreld heen oop te maak, maar hulle voortdurende wêreldwye uitbreiding beteken groter eenvormigheid, minder keuses en die ondermyning van plaaslike gemeenskappe.


McDonald's adverteer hul kos as 'voedsaam', maar in werklikheid is dit gemorskos wat 'n hoë vet-, suiker- en soutinhoud en min vesel en vitamiene het. Hierdie soort dieet vergroot die risiko van hartsiektes, kanker, diabetes en ander siektes. Hulle kos bevat ook baie chemikalieë, waarvan sommige swak gesondheid en hiperaktiwiteit by kinders kan veroorsaak. Moet ook nie vergeet dat vleis die grootste oorsaak van voedselvergiftiging is nie. McDonald's was in 1991 in die Verenigde Koningryk (VK) die oorsaak van 'n groot uitbraak van voedselvergifting waartydens mense ernstige nierversaking gekry het.

Werkers in die kitskosbedryf kry swak salarisse. McDonald's betaal nie oortydtariewe nie selfs al werk die werkers baie lang ure. Druk vir hoër wins en laer loonkoste lei tot 'n personeeltekort, wat beteken dat personeel harder en vinniger moet werk. As gevolg hiervan is ongelukke (veral brandwonde) algemeen. Die meeste van die werknemers is mense wat min werksgeleenthede het en gedwing word om hierdie uitbuiting te aanvaar, en boonop is hulle verplig om ook nog 'te glimlag'! Geen wonder dat die personeelomset by McDonald's hoog is nie, wat dit bykans onmoontlik vir werknemers maak om by werkersunies aan te sluit wat vir beter voorwaardes kan beding; iets wat McDonald's, wat nog altyd teen unies gekant was, baie goed pas.

[Uit http://www.mcspotlight.org/campaigns/translations/trans_uk.html. Toegang op 24 November 2016 verkry.]

**BRON 3C**

Die spotprent toon werknemers (links) by McDonald's wat staak vir hoër lone, en oorgewig klante (regs). M Lester het op 31 Augustus 2013 die spotprent met die titel '*McDonald's Health Care'* vir die *New York Daily News* geteken.




[Uit http://www.nydailynews.com/opinion/bramhall-cartoons-august-2d3-gallery-
Toegang verkry op 15 November 2016.]

**BRON 3D**

Die bron fokus op hoe burgerregte-aktiviste in die middel 1980's teen die multinasionale kosafsetpunt, McDonald's, in opstand gekom het. Die titel is *Wat is Verkeerd met McDonald's?*

'n Groot aantal mense en organisasies kritiseer McDonald's oor 'n groot verskeidenheid kwessies. Londen Greenpeace het in die middel 1980's baie van daardie stukkies kritiek saamgevoeg en gevra vir 'n jaarlikse Wêreldprotesdag teen McDonald's. Dit vind jaarliks op 16 Oktober plaas, met protesoptogte en betogings regoor die wêreld. McDonald's, wat jaarliks 'n fortuin op advertensies spandeer, probeer om die wêreldwye kritiek stil te maak deur met geregtelike optrede te dreig teen diegene wat uitpraat. Baie mense is geforseer om te onttrek omdat hulle te min geld het om 'n saak te beveg. Maar Helen Steel en Dave Morris, twee ondersteuners van Londen Greenpeace het hulleself in 'n groot lastersaak in die Verenigde Koninkryk (VK) se Hooggeregshof verdedig. Geen regshulp is beskikbaar nie, dus moet hulle hulleself verteenwoordig. McDonald's was betrokke by 'n groot toesmeerdery en het geweier om groot hoeveelhede relevante dokumente beskikbaar te stel. Die aangeklaagdes is ook die reg tot 'n jurie geweier. Ongeag die feit dat alles teen hulle gekant was, het Helen en Dave die bordjies verhang en die waarheid blootgelê deur McDonald's se besigheidpraktyke openbaar te maak. Verset teen die $30 biljoen-'n-jaar-kitskosreus groei steeds. Dit is belangrik om op staan teen intimidasie (dreigemente) en om vryheid van spraak te verdedig.

Saam kan ons terugveg teen die instansies en die mense in magsposisies wat ons lewens en ons planeet oorheers, en ons kan 'n beter samelewing sonder uitbuiting skep. Werknemers kan en moet saamstaan om vir hul regte en menswaardigheid te veg. Mense word al hoe meer bewus van die behoefte om ernstig oor die kos wat ons en ons kinders eet, te dink. Mense in arm lande organiseer hulleself om op te staan teen multinasionale (maatskappye) en banke wat die wêreldekonomie domineer. Omgewings- en diereregteverset en veldtogte is orals aan die toeneem. Waarom nie saamstaan in die stryd vir 'n beter wêreld nie? Praat met vriende en familie, bure en werk vriende oor hierdie kwessies.

[Uit http://www.mcspotlight.org/campaigns/translations/trans_uk.html. Toegang op 24 November 2016 verkry.]

**ERKENNINGS**

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

http://www.justice.gov.za/trc/media%5C1997%5C9712/s971202c.htm

http://www.nytimes.com/learning/general/onthisday/big/0912.html#article

http://www.sahistory.org.za/people/stephen-bantu-biko

http://aese.psu.edu/students/research/ced-urj/news/2014/broken-promises-globalization-and-bp-oil.

http://truth.wwl.wits.ac.za/files/3_2/3129-1-4-001art.jpg

http://www.mcspotlight.org/campaigns/translations/trans_uk.html.

http://www.nydailynews.com/opinion/bramhall-cartoons-august-2d3-gallery

http://www.mcspotlight.org/campaigns/translations/trans_uk.html.

Krog A. 1998. *Country Of My Skull* (Broadway Books)

Mangcu X. 2012. *Biko, A Biography* (N.B. Publishers, South Africa)

*Rand Daily Mail*, 7 October 1977

Theissen, G. 1999. *Common Past, Divided Truth: The Truth and Reconciliation Commission in South Africa – Public Opinion*

*The Citizen*, 15 May 2017

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V2

## FEBRUARIE/MAART 2018

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 25 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

### 1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

| Kognitiewe Vlakke | Historiese vaardighede | Gewigstoekenning van vrae |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese begrippe/terme | **30%<br>(15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne | **40%<br>(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings | **30%<br>(15)** |

### 1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om ŉ standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om enige punte te verdien.

### 1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓).
- Indien 'n vraag 4 punte tel, word 4 regmerkies (✓✓✓✓) aangedui.

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (.) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.

Kopiereg voorbehou 

- Maak regmerkies **(√)** wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1,2, of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee 'n kort kommentaar bv.

__________ . ________________________ . _______________________
__________________________________________ . ________________
√√√√√
Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt op die kantlyn regs onder, bv. $\frac{32}{50}$
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.

### 2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die hoofpunte afsonderlik te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n oorspronklike argument aan te bied deur relevante bewyse te gebruik om 'n argument te ondersteun. Daar sal **nie** van die leerder verwag word om slegs inhoud (feite) neer te skryf om 'n vlak 7 (hoë punt) te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om opstelle voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die leerder se interpretasie van die vraag
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse (relevante inhoudseleksie)
- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument (beplan, gestruktureer en ŉ onafhanklike argument)

**2.4 Assesseringsprosedures van die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt in die nasienriglyne) bv. 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die **PEEL** struktuur in gedagte in die assessering van ŉ opstel.

| | |
|---|---|
| **P** | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met ŉ argument/ŉ duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet ŉ punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| **E** | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| **E** | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om die argument vol te hou. |
| **L** | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

2.4.4 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling ____________________
- Irrelevante stelling |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie 1√
- Argument LOA ↕

## 2.5. Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | } 26–27 |
| A | VLAK 3 | |

## NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTAAL: 50

| AANBIEDING → / INHOUD ↓ | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| **VLAK 7** Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | **47–50** | **43–46** | | | | | |
| **VLAK 6** Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is | **43–46** | **40–42** | **38–39** | | | | |
| **VLAK 5** Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | **38–39** | **36–37** | **34–35** | **30–33** | **28–29** | | |
| **VLAK 4** Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | **30–33** | **28–29** | **26–27** | | |
| **VLAK 3** Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | **26–27** | **24–25** | **20–23** | |
| **VLAK 2** Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | **20–23** | **18–19** | **14–17** |
| **VLAK 1*** Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | **14–17** | **0–13** |

### *Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Inhoudseleksie sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te
- struktureer nie = 1 – 6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord ; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1 WAAROM HET DIE APARTHEID REGIME DIE SWART BEWUSSYNSLEIER, BANTU STEPHEN BIKO, AANGEHOU?

1.1.1 *[Definisie van 'n historiese konsep in Bron 1A – V1]*

- Aanvaarding van jouself as swart/ selfwaarde/eiewaarde/ selfbevordering
- Om trots te wees om swart te wees
- Dit gaan nie oor die kleur van jou vel nie maar eerder geestelike vrywording
- Swart Suid-Afrikaners moet trots wees op hulself en moet strewe om dinge vir hulself te doen (selfbevordering)
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- 'Tersiêre instellings'
- 'Media'
- 'Skole'
- 'Gemeenskap Teaters' (enige 3 x 1) (3)

1.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- Voor 'n aankomende trein gestoot (1 x 2) (2)

1.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

Leiers was:

- 'Geskors'
- 'Verban'
- 'Tronkstraf'
- 'Gedood' (enige 3 x 1) (3)

1.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*

- Die apartheid regime het swart politieke aktiviste uit die universiteit geskors
- Die apartheid regime het die leiers van SBB begin vervolg
- Drake Koka, Bokwe Mafuna, Steve Biko en Barney Pityana was verban oor hulle politieke aktiwiteite teen die apartheid regime
- Mosibudi Mangena was tot vyf jaar tronkstraf opgelê omdat hy probeer het om twee polisie manne vir die wapenstryd te probeer werf
- Deur swartbewussyns-aktiviste soos Tiro dood te maak
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*

- 'Om politieke aktiviste te arresteer' (1 x 2) (2)

1.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*

- Oosthuizen het gevoel dat hulle betrokke was in politieke aktiwiteite/ 'terroriste' en was teen die apartheid regime
- Oosthuizen was agterdogtig van Jones en Biko
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*

- Steve Biko het homself identifiseer om sy vriend Peter Jones te beskerm
- Steve Biko het geweet dat sy vriend Peter Jones sy lewe sal opoffer om hom te beskerm teen arrestasie en ondervraging
- Steve Biko was 'n onbaatsugtige leier van goeie standaard/ om te demonstreer dat hy 'n man van integriteit was
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*

- Die polisie het gehoop dat hulle teen mekaar sou draai en hulle inligting gee wat hulle nodig gehad het oor hulle politieke aktiwiteite
- Die polisie het gehoop om inligting van hulle te kry wat hulle kan gebruik om die mobilisasie en protes optrede teen die regering te stop oor hul beplande politieke aktiwiteite
- Die gebruik van 'verdeel en regeer' metode om inligting te verkry
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1 C – V1]*

- 'Omdat hy daarvan verdink is dat hy swartes in die Port Elizabeth-omgewing tot onrus aangehits het'
- 'Vir die opstel van dokumente wat 'geweld en brandstigting' aangehits het deur swartes wat apartheid omver wou werp' (2 x 1) (2)

1.3.2 *[Evaluering van die bruikbaarheid van bewyse in Bron 1C – V3]*

**Die bron is BRUIKBAAR omdat:**

- Dit gee 'n datum en redes waarom Biko aangehou en arresteer was
- Dit dui aan waar Steve Biko aangehou was
- Dit gee redes waarom Steve Biko na die hospitaal oorgeplaas was en die omstandighede waaronder hy vervoer was
- Dit gee inligting oor sy beweerde honger staking
- Dit gee informasie aan die leser van hoeveel keer hy deur die polisie dokters ondersoek was
- Dit deel die dokters se bevindinge dat Biko nie aan 'n fisiese probleem' gelei het nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*

- Steve Biko was die leier van die Swart Bewussyn Beweging
- Dit beklemtoon die dokters se bevindinge oor Steve Biko
- Die *Rand Daily Mail* het ondersoek ingestel en blootgelê hoe Steve Biko vermoor is
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*

- Die hoof artikel het bevestig dat Steve Biko nie gesterf het as gevolg van 'n honger staking nie
- Die hoof artikel het die verdenking bevestig dat die apartheid regime verantwoordelik was vir die moord van Steve Biko
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.5. *[Vergelyking van bewyse uit Bron 1C en 1D – V3]*

- In Bron 1C noem dat Steve Biko aanhoudend geweier het om te eet en water te drink wat die polisie aan hom verskaf het terwyl Bron 1D aandui dat daar geen tekens was van 'n honger staking nie
- In Bron 1C noem dat by die sewende dag van Biko se honger staking het dit gelyk asof hy siek was terwyl Bron 1D aandui dat die dokters geen bewyse van 'n honger staking gevind het nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate se antwoorde kan die volgende aspekte insluit:

- Prominente leiers van die Swart Bewussyn was vermoor vir hul rol wat hulle gespeel het om die apartheid regime teen te staan (Bron 1A)
- Die apartheid polisie het Steve Biko beskou as 'n 'terroris' (Bron 1B)
- Steve Biko was arresteer toe hy homself identifiseer het (Bron 1B)
- Die apartheid regering het SB leiers verban wie betrokke geraak het by unie aktiwiteite (Bron 1B)
- Steve Biko het verklaar dat hy nie die polisie vrees nie (Bron 1B)
- Minister van Justisie het aangekondig dat Biko onbepaald sonder verhoor aangehou sou word (Bron 1C)
- Die apartheid regering het gehoop dat die aanhouding van Biko die SB beweging sou vermink (eie kennis)
- Steve Biko was arresteer vir aanhitsing van onrus onder swart Suid-Afrikaners in Port Elizabeth (Bron 1C)
- Polisie dokumente het aangewys dat Steve Biko probeer het om die apartheid regering om ver te werp (Bron 1C)
- Die apartheid regering was in die skande gebring as gevolg van die manier hoe hulle Biko vermoor het (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor waarom die apartheidsregime die Swartbewussynsleier, Bantu Stephen Biko, aangehou het nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor waarom die apartheidsregime die Swartbewussynsleier, Bantu Stephen Biko, aangehou het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip oor waarom die apartheidsregime die Swartbewussynsleier, Bantu Stephen Biko, aangehou het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 2 WAAROM WAS DIE AMNESTIE PROSES VAN DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) BESKOU AS OMSTREDE?**

2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- ‘Om ŉ beeld, so volledig moontlik, te kry oor growwe menseregte-skendings’ (1 x 2) (2)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- ‘Die Menseregteskendingskomitee’
- ‘Amnestiekomitee’
- ‘Vergoeding en Rehabilitasie Komitee’ (3 x 1) (3)

2.1.3 *[Definisie van 'n historiese konsep uit Bron 2A – V1]*
- Die toekenning van amptelike amnestie aan mense wat politieke gemotiveerde misdade gepleeg het
- Die toekenning van amptelike amnestie aan oortreders wie die volle waarheid praat oor wandade wat hulle weens politieke redes gepleeg het
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Oortreders was verantwoordelik vir afskuwelike misdade wat teen anti-apartheidsaktiviste gepleeg is
- Hulle was gekant teen gruwelike menseregte-skendings wat teenoor politieke aktiviste gepleeg is
- Hulle was gekant teen herstellende geregtigheid en glo in vergeldings geregtigheid
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.5 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- ‘Volle onthulling van alle relevante feite’
- ‘Vir optredes assosieer met 'n politieke oogmerk wat gepleeg was gedurende die konflikte van die verlede’ (2 x 1) (2)

2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- ‘Om politieke misdade te ondersoek wat tussen 1960 tot 1994 gepleeg was’ (1 x 2) (2)

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*
Naomi Tutu glo dat:
- Dit was 'n maklike weg uit vir oortreders om voor die WVK te verskyn en daarbenewens amnestie te kry
- Die WVK was nie kragtig genoeg nie want ‘dit het gelyk asof ons mense ŉ persent gee’
- Baie Suid-Afrikaners het gevoel dat dit was 'n gevoel dat hierdie mense het letterlik met moord weg gekom'
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*
Blanke Suid-Afrikaners het geglo:
- Die WVK hou haat in die land lewendig
- Die WVK was 'n 'heksejag'
- Die WVK was sag op anti-apartheidsorganisasies
- Hulle was blameer vir al die politieke wandade wat gepleeg was gedurende die tyd van apartheid regering
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2.4 *[Evaluering en sintese van bewyse uit Bron 2B – V3]*
**Kandidate kan of met die stelling SAAMSTEM of NIE-SAAMSTEM en hul antwoord met relevante historiese bewyse ondersteun**
**STEM SAAM**
- Die morele waarheid was nie geopenbaar nie omdat die oortreders nie die identiteite het van die mense wat die opdragte gegee het om politieke moorde te pleeg bekend gemaak nie
- Geen van die oortreders wou hoog geplaaste offisiers van die apartheidsregime betrek nie
- Daar was 'n graad van patriotisme by die oortreders om die apartheidsregime te beskerm
- Enige ander relevante antwoord

**OF**

**NIE SAAM STEM**
- Sommige van die oortreders het vertel wie hulle die opdragte gegee het om politieke aktiviste te vermoor
- Toe oortreders met families van slagoffers ontmoet het, het 'n graad van waarheid, erkenning en rekonsiliasie plaasgevind
- Die WVK het finansiële bydraes aan families toegestaan wat geliefdes verloor het
- Die WVK gee aanleiding tot genesing onder die families wie in staat was om afsluiting te vind nadat die hulle geweet het wat met hul geliefdes gebeur het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- ‘37 African National Congress-lede, insluitend Adjunk-president Thabo Mbeki’ (1 x 1) (1)

2.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- ‘Algemene amnestie’
- ‘Die ANC lede het kollektiewe verantwoordelikheid aanvaar vir optredes soos uiteengesit in die party se aansoek aan die WVK’
- ‘Waarnemers het egter die manier waarop die ANC-lede vir amnestie gekwalifiseer het bevraagteken’ (enige 1 x 2) (2)

2.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*

- Die WVK het nie verduidelik hoe dit tot die besluit gekom het om algehele amnestie toe te staan nie
- Daar was geen skuld erkenning van die ANC lede nie tog was hulle algehele amnestie toegestaan
- Die Amnestiekomitee was nie aanspreeklik vir toekenning van algehele amnestie nie
- Nie almal het saamgestem met die unieke model van geregtigheid nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3.4 *[Evaluering van die bruikbaarheid van bewyse uit Bron 2C – V3]*

**Die bron is BRUIKBAAR omdat:**

- Dit beklemtoon die omstrede besluit om algehele amnestie aan 37 ANC-lede toe te staan
- Dit werp lig op die kritiek van die Suid-Afrikaanse Pers Vereniging rakende die toestaan van algehele amnestie
- Dit bevraagteken die besluit oor hoe lede van die ANC algehele amnestie toegestaan was al het hulle nie skuld erken het dat hulle politieke wandade gepleeg het nie
- Dit noem hoe koerant hoofnuus artikels 'n beroep op die komitee lede maak om te verduidelik hoe hulle tot die besluit gekom het om algehele amnestie toe te staan
- Dit beklemtoon die redes deur die Voorsitter Regter Hassan Mall op waarom algehele amnestie toegestaan was.
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*

(a) Nasionale Party

- Die Nasionale Party was gekant teen algehele amnestie (wil die skêr gebruik om die materiaal te sny wat bestempel was algehele amnestie)
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2)

(b) African National Congress

- Die ANC is ten gunste van algehele amnestie (hou die materiaal vas wat bestempel was met algehele amnestie)
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*

- Die WVK sou uiteindelik algehele amnestie herroep wat dit aan die begin toegestaan het
- Die ANC kon nie vir lank aan algehele amnestie vasklou nie
- Die WVK het die ANC gewaarsku oor die behoud van algehele amnestie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.5 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate se antwoorde kan die volgende aspekte insluit:

- Die WVK was gestig om amnestie toe te staan aan daardie oortreders wie die volle waarheid vertel van die politieke misdade wat gepleeg was (Bron 2A)
- Diegene binne die anti-apartheidsbeweging was gekant teen die toestaan van amnestie
- Amnestie sou toegestaan word aan aansoekers wie die volle waarheid vertel oor hul politieke aktiwiteite wat gepleeg was gedurende die konflikte van die verlede (Bron 2A)
- Naomi Tutu het gesê dat sy aanvanklik amnestie teengestaan het omdat sy gedink het dat 'dit die maklike uitweg was' en dat 'dit gelyk het dat ons mense 'n present gee' (Bron 2B)
- Baie Afrikaners het gevoel dat die verhore teen werkend was, dat dit haat binne die land lewendig hou eerder as om vorentoe te beweeg en om van die verlede af weg te beweeg (Bron 2B)
- 72% van blanke Suid-Afrikaners het gevoel dat die WVK rasse verhoudinge vererger het (Bron 2B)
- Antjie Krog bevraagteken of die amnestieproses rekonsiliasie bewerkstellig het (Bron 2B)
- Die besluit om algehele amnestie aan 37 African National Congress-lede toe te staan, insluitend Adjunk President Thabo Mbeki was omstrede (Bron 2C)
- Waarnemers het bevraagteken hoe die ANC lede gekwalifiseer het om in aanmerking te kom vir amnestie weens dat hulle nie beken het van enige oortreding nie (Bron 2C)
- Koerant hoof artikels het op die komitee beroep om te verduidelik hoe hulle tot die besluit gekom het om amnesties aan die ANC lede toe te staan (Bron 2C)
- Die WVK was omring deur omstredenheid rakende algehele amnestie (Bron 2D)
- Baie families het nie kompensasie ontvang nie (eie kennis)
- Sommige blanke Suid-Afrikaners het die WVK beskou as 'n 'heksejag' (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor waarom die amnestie-proses van die Waarheids-en-Versoeningskommissie as omstrede beskou is nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor waarom die amnestieproses van die Waarheids-en-Versoeningskommissie as omstrede beskou is.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip oor waarom die amnestieproses van die Waarheids-en-Versoeningskommissie as omstrede beskou is.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 3: HOE BUIT MULTINASIONALE MAATSKAPPYE SOOS McDONALD'S WERKERS UIT?**

3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- ‘Manipulasie’
- ‘Uitbuiting’
- ‘Kortpaaie neem’ (3 x 1) (3)

3.1.2 *[Definisie van 'n historiese konsep uit Bron 3A - V1]*
- Multinasionale maatskappye verwys na maatskappye wie se hoofkwartiere in een land is, maar hulle bedryf hul besigheid in meer as een land met die doel op ekonomiese sukses
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- ‘Vinnig globaliserende mark’
- ‘Om voordeel te trek uit goedkoop arbeid’
- ‘Om hul produkte teen 'n laer mark prys te verkoop’ (enige 2 x 1) (2)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*
- Ekonomiese sukses was die top prioriteit vir Westerse lande
- Westerse lande neem deel in die produksie proses om markte te stig
- Westerse lande neem deel in die verbruik en wegdoening siklusse
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B– V1]*
- ‘Geld’
- ‘Wins te maak’ (enige 1 x 1) (1)

3.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- ‘Meer winkels oor die wêreld heen oop te maak’
- ‘Voortdurende wêreldwye uitbreiding beteken groter eenvormigheid, minder keuses
- ‘Ondermyning van plaaslike gemeenskappe’ (enige 1 x 2) (2)

3.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- ‘Risiko van hart siektes, kanker, diabetes en ander siektes’
- ‘Veroorsaak swak gesondheid en hiperaktiwiteit by kinders’
- ‘Voedselvergiftiging’
- ‘Ernstige nierversaking’ (enige 2 x 1) (2)

3.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*
- McDonald's betaal laag salarisse
- McDonald's het nie oortyd gelde aan werkers betaal nie
- McDonald's se werkers werk lang ure en is oorwerk
- McDonald's winkels is onder beman
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3.1 *Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*

(a)

- Die werkers lyk of hulle ongelukkig is met hul werksomstandighede daarom is hulle op ŉ werkstaking
- Die werkers is op ŉ werkstaking vir hoë lone en verbeterende werk omstandighede
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2)

(b)

- McDonald's se kos relatief goedkoop
- McDonald's se kos is maklik verkrybaar
- Enige ander relevante response (enige 1 x 2) (4)

3.4 *[Vergelyking van bewyse uit Bronne 3B en 3C – V3]*

- Bron 3B beskryf dat werkers lae salarisse ontvang en Bron 3C wys die reaksie van werkers wat betoog teen lae salarisse (plakkate – hoër salarisse)
- Bron 3B beskryf dat die werk omstandighede van die werkers swak is (onder bemanning, werk harder en vinniger) en Bron 3C wys die ongelukkigheid van werkers met hul werksomstandighede omdat hulle op 'n werkstaking gegaan het
- Bron 3B beskryf dat McDonald's 'n maatskappy is wat hul werkers uitbuit en Bron 3C wys dat werkers voor die McDonald's winkel protesteer
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D - V2]*

- Hulle het ŉ beroep op mense en organisasies gemaak vir hul jaarlikse Wêreld Dag van Aksie teen McDonald's
- Hulle het protes aksie dwars oor die wêreld organiseer
- Hulle het demonstrasies reg oor die wêreld organiseer
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D - V2]*

- McDonald's het advertensies gebruik om wêreld wye kritiek stil te maak
- McDonald's het gedreig met wetlike optrede teen diegene wat krities was
- Baie het gestop omdat hulle nie die fondse het om ŉ saak te beveg nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*

- 'Helen Steel'
- 'Dave Morris' (2 x 1) (2)

3.5.4 *[Vasstelling van die bruikbaarheid van bewyse in Bron 3D – V3]*

**BRUIKBAAR TOT 'n GROOT MATE:**
- Dit wys hoe gewone mense hulself organiseer om te protes en te betoog teen die besigheid praktyke van McDonald's
- Dit wys die metodes wat McDonald's gebruik om kritiek van gewone mense stil te maak
- Dit moedig gewone mense aan om uitbuiting te beveg deur multinasionale maatskappye soos McDonald's
- Enige ander relevante antwoord

**BRUIKBAAR TOT 'n MINDERE MATE:**
- Dit gee slegs die perspektief van Greenpeace
- Hulle kritiseer McDonalds
- Dit gee nie 'n reaksie van McDonalds ten opsigte van Greenpeace se siening nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.5 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate se antwoorde kan die volgende aspekte insluit:
- McDonald's neem voordeel uit goedkoop arbeid wat beskikbaar is in ontwikkelingslande (Bron 3A)
- McDonald's betaal sy werkers lae salarisse (Bron 3A)
- McDonald's is huiwerig om oortyd gelde aan hul werkers te betaal (Bron 3B).
- McDonald's se werkers moet harder en vinniger werk om winste hoog te hou en die koste van salarisse laag (Bron 3B)
- McDonald's se werkers word nie toegelaat om aan vakbonde te behoort nie (Bron 3B)
- Werker stakings vir hoër salarisse is algemeen by McDonald's
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip om te verduidelik hoe multinasionale maatskappye soos McDonald's werkers uitbuit nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip om te verduidelik hoe multinasionale maatskappye soos McDonald's werkers uitbuit.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip om te verduidelik hoe multinasionale maatskappye soos McDonald's werkers uitbuit.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTEL VRAE

### VRAAG 4 BURGERLIKE VERSET, 1970s TOT 1980s: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS

Kandidate moet verduidelik of hulle met die stelling saamstem of nie. Indien hulle saam stem moet hulle bespreek hoe boikotte, disinvestering en sanksies deur internasionale anti-apartheidsorganisasies bygedra het tot die uiteindelike val van PW Botha se regime gedurende die 1980s. Indien hulle nie met die stelling saamstem nie, moet hulle hul gedagte rigting motiveer met toepaslike historiese bewyse.

HOOFASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:
- Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem en bespreek of boikotte, disinvestering en sanksies deur internasionale anti-apartheidsorganisasies aanleiding gegee het tot die val van PW Botha se regime gedurende die 1980s.

UITBREIDING

- Stigting van die Anti-Apartheid Movement (AAM) in die Verenigde Koningryk en sy rol teen PW Botha se regime
- PW Botha se pogings om apartheid te hervorm deur die instelling van die Drie Kamer parlementêre stelsel in 1983
- PW Botha se Rubicon Toespraak in 1985 het die internasionale gemeenskap tot aksie forseer wat op verskillende vorme van boikotte, sanksies en desinvestering teen die apartheid regime uit loop
- **Sport Boikotte:** Die rol van die South African Non-Racial Olympic Committee (SANROC). Veldtog teen diskriminasie in sport/gekant teen die deelname van slegs blanke Suid-Afrikaanse spanne in internasionale sport byeenkomste
- Die rol van Halt All Racial Tours (HART). Dit loods protes aksie teen die rassistiese' Springbok rugby toer na Nieu Seeland in 1981
- Die rol van die South African Council on Sport (SACOS). Stig politieke bande met die UDF en COSATU. Hulle het aangedring op sport boikotte. Die apartheid regime het die druk gevoel. Slagspreuke soos 'Geen normale sport in 'n abnormale gemeenskap' was gebruik.
- Teen die laat 1980s was Suid-Afrika verban uit 90% van wêreld sport
- **Kulturele Boikotte:** In 1985 het VSA kunstenaars protes teen apartheid en geweier om in Suid-Afrika op te tree en geld ingesamel vir die bevryding organisasies
- In 1986 was die Freedom Festival in Londen gehou deur Britse kunstenaars gekant teen apartheid
- Musikante het hul solidariteit met die vryheidsliewende mense van Suid-Afrika uitgespreek

- **Akademiese boikotte:** Internasionale akademici het geweier om na Suid-Afrika te reis/Internasionale uitgewers het geweier om Suid-Afrikaanse manuskripte te publiseer en toegang te gee tot informasie/Internasionale konferensies het Suid-Afrikaanse akademici verbied/Buitelandse instellings het Suid-Afrikaanse akademiese toegang verbied en geweier om Suid-Afrikaanse kwalifikasies te erken.
- **Verbruikersboikotte:** OPEC plaas 'n verbod op olie verkope aan Suid-Afrika geplaas, 'n resessie gedurende die 1980s/Ierse werkers weier om vrugte vanuit Suid-Afrika te hanteer/Invoere van natuurlike hulpbronne soos steenkool, yster en staal was verban
- **Desinvestering:** Gedurende die 1980s het buitelandse beleggings met 30% gedaal. Teen 1980 het Brittanje reeds van die Simon Stad vloot skeepswerf disinvesteer. General Motors en Barclays Bank het uit Suid-Afrika onttrek. Die uitwerking van buitelandse disinvestering het 'n negatiewe uitwerking op Suid-Afrika gehad.
- Tussen1985 en 1990 het meer as 200 VSA maatskappye uit Suid-Afrika onttrek, die Universiteit van Kalifornië het beleggings van meer as drie biljoen dollars uit Suid-Afrika onttrek
- **Sanksies:** In 1980s het die Sullivan Principle bepaal dat alle VSA maatskappye werkers gelyk moet behandel. In 1985 die VSA Bank – Chase Manhattan Bank band met Suid-Afrika verbreek; Die Johannesburg Stock Exchange (JSE) het vir vier dae gesluit. Die waarde van die rand het met 35% gedaal van 54 tot 34 sent tot die dollar. In 1986 het die VSA Kongres 'n wet deurgevoer wat alle nuwe beleggings en lenings aan Suid-Afrika verbied het. Groot maatskappye soos General Electric, Pepsi Cola, General Motors, Mobil en IBM het hul beleggings in Suid-Afrika gestop. Die VSA het gedreig om wapen verkope aan lande wat Suid-Afrika van wapens voorsien te stop. In 1986 het Europa en Japan ekonomiese sanksies teen Sui-Afrika ingestel.
- In 1982 het die VVO apartheid veroordeel en 'n beroep gemaak op algehele sanksies teen Suid-Afrika
- In 1985 het die Europese Unie alle nuwe beleggings in Suid-Afrika verban
- In 1988 het een vyfde van Britse maatskappye hul besighede uit Suid-Afrika onttrek as gevolg van aandeelhouers. Barclays Bank het hul aandele verkoop as gevolg van druk van die Britse publiek. Die Suid-Afrikaanse ekonomie het stagneer en 'n groeikoers van 1,1% opgelewer.
- **Laat Mandela Vry-veldtog:** Konsert gehou by Wembley Stadion vir die vrylating van Mandela; VN Veiligheids Raad en Algemene Vergadering maak 'n beroep vir die vrylating van Mandela
- **Die Rol van Internasionale Werkersunies:** Die AAM in Europa en Australië; Liverpool dokwerkers; Finland se Transport Workers Union stel 'n verbod op handel met Suid-Afrika in
- Dit het bygedra dat Suid-Afrika moeilike ekonomiese tye beleef en leiers van die apartheid regime was forseer om te begin om met die bevryding organisasies in Suid-Afrika te onderhandel
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante slot

**[50]**

**Indien kandidate nie met die stelling saamstem nie, moet hulle hul argument met relevante bewyse ondersteun**

**VRAAG 5 DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet verduidelik tot watter mate geweld en onsekerheid wat Suid-Afrika gedurende die vroeë 1990's ervaar het, het die pad na demokrasie amper onmoontlik gemaak. Kandidate moet relevante voorbeelde gebruik om hul gedagte gang te ondersteun.

HOOFASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:
- Inleiding: Kandidate moet aandui tot watter mate geweld en onsekerheid die pad na demokrasie amper onmoontlik gemaak het.

UITBREIDING

- De Klerk kom aan bewind in 1989 (kort agtergrond)
- De Klerk se toespraak in die parlement op 2 Februarie 1990 word beskou as 'n keerpunt
- Gee aanleiding tot die ontbanning van gemeenskap organisasie soos die ANC en SAKP
- Die verwydering van beperkinge op COSATU en AZAPO, De Klerk se besluit om Mandela uit die tronk op 11 Februarie 1990 het die weg gebaan vir onderhandelinge
- Groote Schuur Minuut, 2 Mei 1990 (ANC en NP ontmoet, ANC afvaardiging gelei deur Nelson Mandela, NP afvaardiging gelei deur FW de Klerk)
- Apartheid wetgewing herroep soos die Wet op Reservering van Aparte Geriewe
- Pretoria Minuut, 6 Augustus 1990 (ANC ingestem om die wapenstryd op te hef)
- CODESA 1 (19 politieke partye uitsluitend AZAPO, KP en PAC – 300 afvaardigers ontmoet)
- Geweld ontplof in verskillende dele van Suid-Afrika soos die Rand, Natal en elders (IVP, ANC en Derde Mag geweld)
- CODESA 2 (2 Mei 1992) stort in duie. Partye kon nie saamstem oor 'n nuwe grondwetlike liggaam en tussentydse regering (onsekerheid) nie
- NP wou 'n minderheidsveto hê terwyl die ANC aandring op vir nie langer as 18 maande en eenvoudige meerderheidsregering nie
- Boipatong massaslagting en sy gevolge 17 (Junie 1992) (geweld en onsekerheid) Bhisho masse slagting (7 September 1992) het amper die proses van onderhandeling van die baan gestuur (geweld en onsekerheid)
- Memorandum van Begrip geteken op 26 September 1992 tussen Roelf Meyer (NP) en Cyril Ramaphosa (ANC)
- Sluipmoord op Chris Hani (10 April 1993) en sy impak op Suid-Afrika (geweld en onsekerheid)
- Belangrikheid van die Veelpartyonderhandelingsforum vir die toekoms van Suid-Afrika

- Verregses (AWB) val die Wêreldhandelsentrum aan en die gevolge (geweld en onsekerheid)
- Sunset Clause voorgestel deur Joe Slovo het die onderhandelings dooiepunt gebreek
- Heidelberg- taverne slagting – 31 Januarie 1993
- St James-slagting in Julie 1993 – APLA skiet 11 sterf en 58 gewond (geweld en onsekerheid)
- Tussentydse Grondwet in November 1993
- Shell House Slagting in Maart 1994 – IVP het opmars na hoofkwartiere van die ANC – 8 mense (geweld en onsekerheid)
- Verkiesingsdatum – 27 April 1994 aangekondig
- ANC wen die verkiesing en Mandela bekom die eerste swart Suid-Afrikaanse President
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante slot. **[50]**

**VRAAG 6 DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS

Kandidate moet bespreek hoe die ineenstorting van die Sowjetunie gedien het as 'n keerpunt vir Suid-Afrika. Hulle moet wys hoe gebeure in die Sowjetunie politieke transformasie wat in Suid-Afrika plaasgevind het na 1989, beïnvloed het.

HOOFASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:
- Inleiding: Kandidate moet krities bespreek hoe die ineenstorting van die Sowjetunie 'n keerpunt was vir Suid-Afrika. Hulle moet hulle argument met relevante bewyse ondersteun.

UITBREIDING

- Gorbachev se beleide van Perestroika en Glasnost
- Die val van die Berlynse Muur en die impak
- Die ineenstorting van die Sowjet Unie het beide die ANC en NP affekteer
- Die ineenstorting van die Sowjet Unie het die ANC van sy hoof ekonomiese en militêre bron ondersteuner ontneem
- Sosialisme was nie meer 'n opsie vir die ANC nie
- Die Nasionale Party se aanspraak dat dit Suider Afrika beskerm teen kommunisme het onrealisties geword weens Gorbachev se beleide
- Die Nasionale Party kon nie meer voorgee om 'n 'bolwerk' teen die verspreiding van kommunisme in Afrika te wees nie.
- Die Nasionale Party kon nie meer daarop aanspraak maak dat die Kaapse see roete verdedig (beskerm) teen die verspreiding van kommunisme nie.
- Invloedryke Nasionale Party lede het besef dat apartheid nie die antwoord was vir die behoeftes van blanke kapitalisme nie
- Dit het duidelik geword dat die Nasionale Party nie langer blanke heerskappy regering in Suid-Afrika kon handhaaf nie.
- Die slag van Cuito Caunavale en die feit dat die Nasionale Party met kommuniste moes onderhandel oor die onafhanklikheid van Namibië het dit vir hulle maklik gemaak om met die ANC te praat.
- Die veiligheidsmagte en opeenvolgende noodtoestande het nie weerstand in Suid-Afrika gestop nie
- Suid-Afrika het stadig beweeg na 'n burgeroorlog
- PW Botha (Valk) het 'n beroerte aanval gekry en is opgevolg deur FW de Klerk (Duif)
- De Klerk het begin aanvaar dat die stryd teen apartheid nie 'n sameswering was wat uit Moskou bestuur word nie.

- De Klerk het samesprekings met die ANC inisieer
- Op 02 Februarie 1990 het De Klerk alle anti-apartheidsorganisasies wettig verklaar
- Dit het die weg gebaan vir onderhandeling tussen die Nasionale Party en verskillende swart nasionalistiese groepe
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante slot. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou